KEURINGSHANDLEIDING

	INHOUD
1	INLEIDING
1.1	Algemeen
1.2	Minimum vereistes t.o.v. hoogtemaat
1.3	Minimum slaagvereistes
2	KEURINGSTELSELS
2.1	Keuringstoere: merrie & reuns
2.2	Hingskeurings
2.3	Spesiale Keurings
2.5	Keuring by nie-lede
2.6	Deelsgeteelde perde
3	AANSOEK OM KEURING
3.1	Ouderdom van Perde
3.2	Kennisgewing van Keuringsaansoeke
3.3	Aansoekvorms & Voorwaardes
3.4	Finansies
4	ADMINISTRATIEWE VOORBEREIDING
4.1	Geboorte kennisgewing
4.2	Naam
4.3	Voorvoegsel en Kenmerkletter
4.4	DNS Verifiëring
4.5	Identifikasie
4.6	Eienaarskap, Leenoordrag- & Dekkingsertifikate
4.7	Hangende vul aantekening *(Pending)*
5	DIE KEURINGSPROSES
5.1	Reëlings t.o.v. keuringspunte / -toere
5.2	Keuringsvereistes
5.3	Keuringsprosedures
5.4	Toediening van die SA Boerperd Brandmerk
5.5	Gedragskode tydens Keurings
6	TERUGVOER NA KEURING
6.1	Puntekaarte
6.2	Registrasiesertifikate
6.3	Oorstaan van perde wat nie gekeur is nie
6.4	Keuring van die nageslag van 'n ongekeurde perd
7	KEURDERS
7.1	Keurders as Ampsdraers
7.2	Kwalifikasies van Keurders

1. INLEIDING

1.1 Algemeen

Keurders gebruik nie die keuringsproses om enige perd te benadeel of te bevoordeel nie. Die plig van die keurders is om seker te maak die perd voldoen aan die minimum rasstandaard en kriteria soos uiteengesit in die Rasstandaard van die SA Boerperd (SA Boerperd Telersgenootskap: 2014, Opgedateer 2017). Daar kan met trots na 'n gebrande SA Boerperd verwys word as 'n verteenwoordiger en ambassadeur van die SA Boerperd ras. Die keuringsproses is deursigtig en alle uitslae kan deur eienaars besigtig word. Puntekaarte gebruik word vir wetenskaplike genetiese ontleding.

Die beoordelaars se besluit is finaal.

1.2 Minimum vereistes t.o.v. hoogtemaat

Die amptelike minimum hoogtemaat van volwasse SA Boerperde (1hand = 10,1cm), is soos volg:

Hingste : 14.2h (143cm)
Merries : 13.3h (134cm)

1.3 Minimum slaagvereistes t.o.v. hingste, merries & reuns

Hingste : 75%.
Merries : 70%
Reuns : 70%

Om te kan slaag, moet 'n perd se gemiddeld (bereken op die gesamentlike berekening& bespreking van die keurders teenwoordig), die minimum* slaagsyfer behaal, asook elke onderafdeling slaag. Die onderafdelings bestaan uit die volgende:

i. Algemene Voorkoms
ii. Kop
iii. Nek
iv. Voorlyf
v. Voorbene
vi. Middellyf
vii. Agterkwart
viii. Agterbene
ix. Hoewe
x. Beweging.

*Slegs diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, sal vir registrasie in aanmerking kom.
(Verw. Rasstandaard)

2. KEURINGSTELSELS

Daar is tans 5 tipes keuring beskikbaar soos hieronder beskryf.

2.1 Keuringstoere vir merries & reuns

Minstens twee keurders besoek verskillende keuringspunte by telers/eienaars of saamgegroepeerde stoete om merries en reuns te keur.

- Keuringsfooi vir die keur van merries / reuns is vooruit betaalbaar.
- Addisionele reiskostes word na afloop van die keuringsproses bereken en gefaktureer.

2.2 Hingskeurings

Hingskeurings word deur klubs / keurders op 'n sentrale plek in verskillende streke gereël en die hingste word op eie onkoste en met eie vervoer daarheen gebring vir keuring.

- Keuringsfooi vir die keur van hingste is vooruit betaalbaar.

2.3 Spesiale keurings

Spesiale keurings buite bg. beplanningstrukture, kan slegs na skriftelike aansoek deur die Raad geëvalueer en goed- of afgekeur word. ’n Voorbeeld van ’n geldige aansoek om spesiale keuring, sou kuddeveilings insluit. Alle voorwaardes en prosedures (Verw. Item 4 & 5) is van toepassing.

- Spesiale keuringsfooi fooi vooruit betaalbaar.
- Alle reiskostes word gefaktureer.

2.4 Keuring by nie-lede

Al onderstaande vereistes is van toepassing.

- Spesiale heffing.
- Reiskostes.

2.5 Deelsgeteelde perde

2.5.1 Administratiewe voorbereiding is soos die van ’n suiwer SA Boerperd.

2.5.2 Registrasiesertifikate kan aan deelsgeteelde perde uitgereik word op die volgende voorwaarders:

a) Een van die ouers moet ’n suiwer ’n suiwer SA Boerperd, waarvan DNS en ouerskap geverifieer is, wees

b) Die ouers van ’n ander ras moet ook vol geregistreer wees met die nodige DNS verifiëring van ouerskap.

c) Die DNS van die vul moet bg. ouerskap bevestig.

2.5.3 Keuringsprosedures is van toepassing.

2.5.4 Keuringsfooi vir die keur van merries / reuns is vooruit betaalbaar. Addisionele reiskostes word na afloop van die keuringsproses bereken en gefaktureer.

2.5.5 SA Boerperd tipe en kleur word buite rekening gelaat tydens keuring. Die ander punte op die keuringskaart (Verw. Item 1.3), word wel geëvalueer, soos vir suiwer SA Boerperde. Die algemene voorkoms kan egter heeltemal verskil van die suiwer SA Boerperd (bv. Percheron-kruising). Solank die kruisperd egter aan aanvaarbare bouvorm-standaarde voldoen, kan so perd aanvaar word.

2.5.6 Indien die perd slaag word so perd se besonderhede in ’n register in die kantooraangeteken en ’n sertifikaat vir ’n deelsgeteelde SA Boerperd uitgereik. Die perd word gebrand met ’n spesiale embleem vir Deelsgeteelde SA Boerperde. Dit is ’n hoefyster met ’n plus-teken (+) daarin.



2.5.7 ’n Rekord van perde word deur SA Boerperd kantoor aangeteken.

3. AANSOEK OM KEURING

3.1 Ouderdom van Perde

Wanneer vullens die ouderdom van 2 jaar bereik sal die kantoor aan die teler/lid ’n kennisgewing stuur van die diere wat in aanmerking kom vir keuring in die daaropvolgende jaar.

3.1.1 ’n Perd behoort minstens 2 jaar oud te wees ten tye van die keuringsproses.

3.1.2 Keuring moet verkieslik afgehandel wees voor ’n dier die ouderdom van 4 jaar bereik.

3.1.3 Ongebrande perde ouer as 4 jaar mag **nie** aan SA Boerperd Skoue & Kampioenskappe mag deelneem nie.

3.3.4 ’n Spesifieke dier mag slegs een keer per jaar voor keuring gebring word.

3.2 Kennisgewing van Keuringsaansoeke

Aansoekvorms vir keuring word jaarliks vanaf November/Desember beskikbaar gestel. Telers (lede) word per sms, e-pos en Nuusbrief (Communicator), asook op die webblad ingelig van die nuwe jaar se keuringsaansoeke. Navrae kan aan die kantoor of Raadslid taakgemagtig met KEURINGS gerig word.

3.3 Aansoekvorms & Voorwaardes

Dit is telers (lede) se plig om te verseker dat aansoekvorms vir keuring ontvang is voor die kantoor in Desember sluit. Daarna sal die inligting op die webblad www.saboerperd.com, beskikbaar wees.

3.3.1 Aansoekvorms moet volledig ingevul word en al die blokkies moet volledig en duidelik gemerk wees.

3.3.2 Dit is belangrik dat ’n padkaart met duidelike aanwysings na die punt van keuring op die keersy of meegaande e-pos saam met die aansoek ingehandig sal word. GPS koördinate is verpligtend.

3.3.3 Indien die aansoek vir keuring vir een of meer redes nie volledig of korrek is nie, kan dit deur die kantoor aan die teler/eienaar teruggestuur en die aansoekkostes deur die teler/eienaar verbeur word.

3.3.4 Met die volledige voltooiing van die keuringsaansoekvorm, onderneem die eienaar van die perd(e) die volgende:

a) dat die identifikasie van elke perd deeglik en duidelik leesbaar is (verkieslik mikroskyfie);
b) dat hy/sy ’n skandeerder vir die mikroskyfie sal voorsien indien lg. nie deur SA Stamboek aangekoop is nie;
c) dat ouerskap is d.m.v. DNS toetse geverifieer is;
d) dat hy/sy kennis dra daarvan dat die kuddebrand of kenmerk van ’n stoet opsioneel is;
e) dat die Keurdersfooi en bewys van betaling aan die kantoor gestuur is;
f) dat sy/haar algemene rekening vereffen is;
g) dat die *Padroete, sowel as GPS koördinate* na die keuringsbestemming aangeheg en aan die kantoor gestuur is;
h) dat hy/sy aanvaar dat sy/haar aansoek nie noodwendig beteken dat die betrokke perd(e) gekeur en/of gebrand sal word na inspeksie nie;
i) dat hy/sy sal voldoen aan die gedragskode;
j) dat hy/sy genoegsame fasiliteite en hulp gedurende die keuring sal voorsien;
k) dat hy/sy of ’n gevolmagtigde persoon teenwoordig sal wees tydens die keuring;
l) dat hy/sy slegs perde voor keuring bring wat volgens die kantoor se lys aan al die vereistes t.o.v. keuring voldoen;
m) dat onvoorsiene veranderings en foute reeds aan die kantoor deurgegee en reggestel is waar nodig;
n) dat hy/sy sal hou by die keuringsprotokol;
o) dat hingste halter-mak is.

3.4 Finansies

Keuringsaansoeke word vergesel van betaling.

3.4.1 Geen keuringsaansoek sal aanvaar word sonder ’n bewys van betaling nie.

3.4.2 Geen keuringsdiens sal gelewer word indien die aansoeker se rekening nie ten volle op datum en vereffen is nie.

3.4.3 Nadat die keuring afgehandel is, word die finale reiskostes bereken en verdeel waarna lede vir die uitstaande bedrag gefaktureer word.

3.4.4. Reiskostes word soos volg bereken:

a) Die totale afstand (km) word verdeel deur die aantal keuringspunte wat besoek is.
b) Die aantal perde per keuringspunt word in ag geneem.
c) Namibië word apart bereken.

3.4.5 Indien ’n teler verskillende diere op twee plekke perde laat keur, en daar sou op die tweede punt wel keuring plaasgevind het, betaal hy/sy net vir een keuring se reiskostes.

3.4.6 Indien keurders ’n vooraf ongeskeduleerde keuringspunt moet besoek, sal addisionele individuele reiskostes spesifiek deur die eienaar/teler betaalbaar wees.

4. ADMINISTRATIEWE VOORBEREIDING VIR AANTEKENING, REGISTRASIE & KEURING

4.1 Geboortekennisgewing

Dragtigheidsperiode:

- Algemene minimum : 340 dae
- Algemene maksimum : 360 dae
- Minimum tussen 2 agtereenlopende vullens : 315 dae.

Geen dragtigheidsperiode buite hierdie tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie, tensy ouerskap deur 'n DNS toets bevestig word. Alle vul-aantekenings sal HANGEND (*PENDING)* en dus onafgehandelbly tot al onderstaande dokumentasie volledig voltooi is.

4.1.1 Die geboorte-kennisgewing moet volledig ingevul word en so gou as moontlik (binne 90 dae) na geboorte, tesame met die vul se haar-monster vir DNS verifiëring, aan die kantoor gestuur word. Indien die vul se geboorte elektronies op www.logix.org.za aangeteken word, kan 'n uitdruk van die aantekening saam met die haarmonster aan die kantoor gestuur word. 'n Ekstra heffing is terugwerkend van toepassing op laat aantekenings. Geboorte-kennisgewingsvorms kan ook teen 'n heffing gebruik word.

4.1.2 Die aantekening van 'n vul word as onvolledig beskou indien die ID diagram nie ingevul en aan die kantoor gestuur, of elektronies voltooi is nie.

4.1.3 In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word, ook op die elektroniese of ingevulde geboortekennisgewings van elke vul die naam en geslag van die ander (tweeling) vul, aandui.

4.1.4 In gevalle waar vullens, wat geskik is vir aantekening of registrasie verkoop of andersins vervreem word, moet die eienaarskap en kuddelys binne 30 dae na die verkoop of vervreemding van die dieropgedateer te word, deur die volgende inligting skriftelik (per e-pos), aan die kantoor te stuur of self elektronies reg te stel:

a) die datum van verkoop of vervreemding; en
b) die volle naam en adres van die koper.

4.1.5 Die bepaling van Item 4.1.4 is ook van toepassing op vullens wat nog suip en saam met hul moeders verkoop of vervreem word, altyd inaggenome dat vullens wat so verkoop word se geboortes deur die teler gerekordeer is.

4.1.6 Die Raad sal toesien dat daar namens elke teler deur 'n amptelike registrerende owerheid rekord gehou word van alle geboortes van vullens (hetsy lewend- of doodgebore), waarvan die Kantoor behoorlik in kennis gestel is.

4.1.7 Diere waarvan korrekte geboortekennisgewings ontvang is, bly aangeteken en aktief op *LOGIX* tot hulle na keuring gebrand en gereregistreer word. Daarna word die STATUS van die dier na "geregistreer" verander.

4.1.8 Diere kan slegs met die elektroniese stelsel of e-pos kennisgewing deur die eienaar gederegistreer. Rede daarvoor kan die volgende insluit:

- Perd word nie gekeur nie;
- Perd vrek;
- Perd vervreem.

4.1.9 Geen SA Boerperd sal vir registrasie oorweeg word indien ouerskap nie positief geverifieer kan word d.m.v. DNS toetse nie.

4.1.10 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede rakende onderstaande dokumente, mag die dier van registrasie uitgesluit word en die aantekening sal hangend bly.

a) Geboortekennisgewing
b) DNS uitslae en verifiëring van ouerskap
c) Registrasiesertifikaat
d) Dekkingsertifikaat
e) CEM sertifikaat.

4.1.11 Die aantekening of registrasie van alle diere word op aanbeveling van die Genootskap deur SA Stamboek gedoen. Indien die elektroniese opsie van rekordhouding nie aan lede beskikbaar is nie, moet inligting t.o.v. verkope, vrektes, kastrasies, sterilisasies, ens., skriftelik aan die kantoor deurgegee word. Dit is die teler se verantwoordelikheid om te sorg dat rekords korrek en op datum bly.

4.2 Naam

4.2.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir aantekening tensy die dier identifiseerbaar is nie.

4.2.2 Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van ’n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, te weier.

4.2.3 Indien die naam van ’n dier eers aangeteken of geregistreer is, kan die naam nie daarna weer gewysig of verander word nie, tensy die naam

a) ’n ooglopende foutopenbaar,
b) teen die wet is
c) teen sosiale norme indruis in welke geval die naam dan net op so ’n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

4.3 Voorvoegsel & Kenmerkletter (Verw. Lidmaatskap: 2017)

4.3.1 Slegs geregistreerde telers kan

a) ’n voorvoegsel as stoetteler registreer (Verw. Lidmaatskap 2017)
b) ’n erkende kenmerk-letter (kuddebrand) gebruik (Verw. Lidmaatskap 2017)
c) ’n vul aanteken.

4.3.2 Die kuddebrand (kenmerk-letters) op die dier se regter boud is opsioneel.

4.4 DNS verifiëring

Die haarmonster* vir skep van ’n DNS profiel, word saam met die gedrukte geboortekennisgewing in ’n papier koevert geplaas en aan die kantoor gestuur. Die koevert word duidelik gemerk met die volgende besonderhede:

a) Naam van die eienaar en stoet;
b) Voorvoegsel en naam van vul;
c) Rekenaarnommer (of vulboek nommer);
d) Mikroskyfie- nommer, of tatoeëer nommer in die geval van ouer diere (indien reeds toegedien).

*Indien ’n teler/eienaar nie weet hoe om ’n haarmonster te trek nie kan ’n Keurder, Raadslid of streekverteenwoordiger gekontak word om van hulp te wees.

Indien u nie elektronies op logix aangeteken het nie, sal die kantoor by ontvangs van die harde kopie die geboortekennisgewing prosesseer, verifieer en aan SA Stamboek deurgee vir opname in die stelsel. Die vul verskyn direk na goedkeuring op die kuddelys van die betrokke teler. ’n Registrasie nommer word aan die vul toegeken. Sodra die DNS profiel en ouerskap deur die Laboratorium getoets is, sal ’n DNS sertifikaat aan u uitgereik word. Dit is die teler/eienaar se verantwoordelikheid om dokumentasie na te gaan en seker te maak dat beide ouers wel geverifieer is.

GEEN DIER KAN VOOR KEURING GEBRING WORD INDIEN OUERSKAP NIE GEVERIFIEER IS NIE.

4.5 Identifikasie

4.5.1 Die aanvanklike koste verbonde aan sodanige DNS verifikasie van ouerskap word deur die SA Boerperd Telersgenootskap aan eienaars gefaktureer. Indien toetse toon dat ouerskap nie geverifieer is nie, berus die onus op die eienaar om die saak verder te voer deur direk met die Laboratorium te skakel en ouerskap te bewys.

4.5.2 Die Genootskap se amptelike stelsel vir die permanente identifikasie van perde wat vir aantekening of registrasie in die Kuddeboek in aanmerking kom, is
   a) Verpligte en volledig voltooide ID diagram.
   b) Mikroskyfie (verkieslik) en / of
   c) tatoeëring, sowel en/of
   d) brand met ID no.

4.5.3 Wanneer identifikasiemerke eenmaal aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reggemaak, verbeter, verander of gewysig word nie, tensy die Raad vooraf skriftelik daarvoor toestemming gee.

4.5.4 Wanneer die identifikasiemerk vaag of onleesbaar word, mag die eienaar van die dier die Kantoor skriftelik daarvan in kennis stel en versoek dat die dier weer gebrand word in die teenwoordigheid van 'n inspekteur wat deur die Raad aangestel is. Sodanige inspekteur sal die identiteit van die dier verifieer.

4.5.9 Die kuddebrand van die teler, soos geregistreer, mag op die regter boud van die dier aangebring word voor keuring.

4.6 Eienaarskap, Leenoordrag- & Dekkingsertifikate

4.6.1 Definisie

- Die eienaar van 'n perd word geag as die persoon wat as eienaar op die registrasiesertifikaat verskyn.
- Die persoon aan wie 'n merrie behoort wanneer sy geboorte gee, word as eienaar gesien.
- 'n Vul kry by geboorte die voorvoegsel van die stoet / eienaar van die merrie. Die voorvoegsel kan nie verander word nie.

Indien die vaar of moer van 'n vul nie aan die teler behoort nie, moet 'n dekkings- of leensertifikaat deur die eienaar van sodanige dier ingevul, onderteken en ingehandig word. Die belangrike dokument moet ook die geboorte kennisgewing van die vul vergesel. Dit kan ook elektronies op www.logix.co.za deur die eienaar van sodanige perd gedoen word. In gevalle waar 'n hings meer as een eienaar het, moet die dekkingsertifikaat deur minstens een van die eienaars onderteken word.

4.6.2 Verandering In Eienaarskap

Verandering van eienaarskap sal vind plaas indien:

a) 'n dier verkoop, geruil of geskenk is;
b) 'n dier geërf is;
c) 'n vennootskap ontbind is; en
d) 'n hings geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enigeen (of meer) afstand doen van sy/hul aandeel in die hings wat so geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy/hul belange in genoemde geregistreerde hings.

4.6.3 Tipes Oordragte

Oordrag van die volgende diere vind teen 'n heffing soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, plaas:

a) Oordrag van aangetekende (ongekeurde) diere
b) Oordrag van geregistreerde (gekeurde) diere
c) Oordrag van embrio ontvanger.

4.6.4 Terme & Voorwaardes

a) Geen dier se eienaarskap sal oorgedra word indien die dier se DNS nie verifieerbaar is nie.
b) Wanneer 'n hings oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar op rekord wees by die Genootskap en SA Stamboek.
c) Sodanige aansoek om oordrag moet binne 30 dae na die oordragdatum van die betrokke dier aan die kantoor ge-e-pos of oorhandig word.

d) ’n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum deur die kantoor ontvang word, sal deur die Raad oorweeg word. Addisionele heffings is van toepassing.
e) Alle besonderhede van ’n dier moet elektronies korrek en op datum wees voor oordrag kan plaasvind.
f) Die oordragdatum word gereken as die datum waarop die dier die besit van die verkoper verlaat.
g) Indien dragtige merries verkoop word, moet die verkoper ’n dekking- of insemineringsertifikaat (waar van toepassing) aan die koper voorsien. Die dekkingsertifikaat moet die registrasienommers van die betrokke hings en merrie, sowel as die dekkingsdatum insluit.
h) Uitsonderings t.o.v. bg. prosedure kan in die volgende gevalle deur die Raad gemaak word:
    i. die eienaar /teler/verkoper weier om die nodige dokumentasie te voorsien;
    ii. die eienaar/teler/verkoper nie bereid is sodanige gelde soos deur die Raad bepaal, te betaal nie, maar die koper wel. Boetes is van toepassing.
i) Indien daar ’n versoek gerig word dat ’n perd (wat nog nie voorheen aangeteken is nie) voor keuring gebring word, moet die perd aan alle registrasie en identifikasievereistes vir aantekening en keuringvoldoen.
j) In gevalle van oordrag tussen eggenotes of van ouer na kind of van kind na ouer (insluitend aangetroude-en kleinkinders), ongeag die feit of dit deur verkoop, skenking of nalating geskied, sal slegs die helfte van die oordragfooie betaalbaar wees.

4.7 Hangende vul aantekening (“Pending”)

Indien enige inligting, soos hierbo genoem, ontbreek bly die vul se registrasie “Hangend” (i.e. onafgehandel) (“Pending”) en sal die kantoor die lid in kennis stel daarvan sodat die nodige gedoen kan word om dit reg te stel. Daar kan onderskeie redes daarvoor wees, bv.:

- Ongeverifieërde ouerskap;
- Ontbrekende dekkingsertifikate;
- Ontbrekende leenoordragte;
- Vaar se CEM* nie op datum nie;
- Ontbrekende ID diagramme.

Dit is die eienaar se plig om die kuddelys na te gaan en op datum te hou. Elektroniese toegang is beskikbaaralle lede (stoete).

*Registrasie van vullens is onderhewig aan die bewys van CEM (*Contageous Equine Metritis*) uitslae soos deur die Departement Landbou, Bosbou & Visserye bepaal.
(*Department of Agriculture, forestry & fisheries:* http://www.daff.gov.za)

5. DIE KEURINGSPROSES

5.1 Reëlings t.o.v. keuringspunte / -toere

Indien die skriftelike aansoek om keuring as korrek aanvaar is, sal die betrokke Keurder(s) met die teler/eienaar t.o.v. reëlings rakende die tyd en plek van keuring. Aansoekers word versoek om hulle volle samewerking aan die Keurders te verleen om hulle taak te vergemaklik en die proses so glad as moontlik te laat verloop.

5.1.1 Keuringstoere vind plaas volgens ’n roete-program soos opgestel deur die Kantoor / keurderskomitee.
5.1.2 Perde sal slegs gekeur word by die keuringspunt soos op keuringsaansoek aangedui.
5.1.3 Die plek en tyd van keurings sal gedurende die keuringstoermet die teler / eienaar bevestig word. Indien daar veranderinge nodig mag wees a.g.v. onvoorsiene omstandighede, sal dit ook betyds aan die teler/ eienaar gekommunikeer word.

5.2 Keuringsvereistes

Dit is belangrik dat die teler/eienaar seker maak dat die perd se mikroskyfie (of ander ID metodes) duidelik leesbaar is op die dag van keuring. Perde waarvan die identiteit nie positief en herhaaldelik bevestig kan word nie, sal nie gebrand word nie.

5.2.1 Alle mikroskyfies moet duidelik en leesbaar wees.

5.2.2 Indien die perd van 'n mikroskyfie voorsien is, is dit die teler/eienaar se verantwoordelikheid om vooraf seker te maak dat dit leesbaar is deur die skandeerders wat deur die keurders gebruik word.

5.2.3 Indien dit sou gebeur dat 'n mikroskyfie gemigreer het en nie op die dag van keuring opgespoor en gelees kan word nie, kan die perd gekeur, maar nie gebrand word nie. 'n Nuwe mikroskyfie mag tydens dieselfde keuringsdag deur die keurders ingeplant en elektronies (LOGIX) aan die spesifieke perd se profiel gekoppel word. Wanneer die dier se identiteit met die nuwe mikroskyfie herbevestig is, kan die naaste keurder die dier brand, op voorwaarde dat hy wel weer die dier weer positief kan identifiseer.

5.2.4 'n Perd wat voor keuring gebring word, moet in 'n redelike kondisie wees om die perd 'n billike kans te gee om goed te vertoon en te ontwikkel.

- Alle hingste moet haltermak wees.
- Hingste word sonder skoene voorgebring.

5.2.5 Tydens die keuringsproses sal die keurders die eienaar inlig wat van hom/haar verwag word indien die lid nie vertroud is met die prosedure nie.

5.2.6 Telers/eienaars word versoek om die keurders die nodige privaatheid te gee om die perd objektief te evalueer.

5.3 Keuringsprosedures

5.3.1 Merries & reuns (ook deelsgeteelde perde)

- Die keuring van merries en reuns vind plaas soos gereël deur die betrokke klub
- Merries en reuns moet elke afdeling van die keuring slaag.
- Keurders besluit saam op die finale resultaat en slegs een verslag word gegee.

a) PROSEDURES

i. Die keurders verduidelik in hulle amptelike kapasiteit aan die telers/eienaars/hanteerders wat van hulle verwag word.

ii. Keurders kry die geleentheid om die perd met mekaar te bespreek en konsensus oor die uitslag te bereik voor die uitslag bekend gemaak word.

iii. Onnodige argumente en redenasies moet vermy word.

iv. Die perd word geïdentifiseer volgensmikroskyfie en/of tatoeëring, kleur, wit merke, kuddebrand (opsioneel), geslag, ens.

v. Die leierkeurder vul die identifikasie-besonderhede volledig op die puntekaart in. Hierdie uitslae word aan SA Stamboek verskaf vir die uitreiking van die registrasie-sertifikaat en korrekte inligting is van uiterste belang.

vi. Punte word individueel aan elke perd toegeken.

vii. Keuringsuitslag word aan teler gegee.

viii. Perde wat die keuring slaag, word gebrand.

ix. Die beoordelaar se uitslag is finaal. Indien die perd nie gekeur is nie, kan hy/sy weer in die daaropvolgende jaar aansoek doen vir keuring.

5.3.2 Hingskeuring

a) SENTRALE KEURINGSPUNTE & BEPLANNING

Hingskeuring vind op ’n sentrale en neutrale perseel, wat vooraf deur die klub / Raad bepaal word, plaas. Organisatoriese reëlings maak voorsiening vir die volgende:

i. Die saamstelling van ’n keuringskatalogus in ouderdomsvolgorde;
ii. Etes vir keurders (minstens 3), beamptes en ander hulp.
iii. Genoegsame baanbeamptes wat die prosedure beheer en met vertoners skakel;
iv. Administratiewe beamptes (minstens 3), vir die verwerking van punte;
v. Plek vir toeskouers en besoekers – daar mag voorsiening gemaak word vir toeskouers en stalhulp.
vi. Stalle vir hingste.

b) PROSEDURES: HANTEERDERS (Diagram)

i. Hingste wag in die versameling en verskyn voor keurders soos aangewys.
ii. Voldoende spasie word tussen hingste gelaat om keurders toe te laat om vrylik om die hings te beweeg.
iii. keurders ken ’n persentasie toe aan die hings se bouvorm (Verw. Item 1.3).
iv. Persentasies word toegeken aan die stap en draf in die volgende driehoek beweging:
1ste sy : stap skuins weg van die keurder vir ongeveer 30m;
2de sy : draf dwars vir ongeveer 30m;
3de sy : en draf nou reguit na die keurder vir 30m en verby sodat die draf van agter besigtig kan word.
v. Die voltooide puntekaart word by die keurder gehou totdat die vrybeweging (wat later individueel plaasvind), afgehandel is.



c) PROSEDURES: KEURDERS

Punte & slaagvereistes op die keuringspuntekaarte vir hingste word soos volg bereken:

i. Minstens 3 keurders keur onafhanklik op afsonderlike puntekaarte;

ii. Indien daar een keurder is wie se puntetoekenning drasties van die ander twee verskil en waar ten minste twee keurders aan die perd 'n slaag persentasie toegeken het, word daardie lae punt buite berekening gelaat.

iii. Die gemiddelde punt van die keurders word bereken om te bepaal of die hings gekeur is:
- Ten minste 2 uit 3 keurders moet slaagpunte in elke afdeling toeken om die perd in die betrokke afdeling te laat slaag (Verw. Item 1.3, asook Keuringspuntekaarte).
- Indien al 3 keurders die perd op die spesifieke onderskeie lyne geslaag het, word al die keurders se puntetoekennings in berekening gebring.
- Om gekeur te word, moet elke perd elke afdeling apart slaag.

iv. Soos perde individueel besigtig word, moet elke puntekaart afgehandel word alvorens voort gegaan word na die volgende hings. Geen perd word terug geroep vir herevaluering nie.

v. Geen punte word aangepas nie.

vi. Daar moet minstens 3 persone wees wat die punte bereken en deeglik nagaan.

5.4 Toediening Van SA Boerperd Brandmerk

Die SA Boerperd brandmerk op die linker boud is die kenmerkende teken van kwaliteit.

5.4.1 Indien die perd die keuring slaag, sal die SA Boerperd brandmerk op dieselfde dag aangebring word. Die eienaars mag die keurders versoek om die perd namens hulle te brand.

5.4.2 Hingste wat OORSTAAN, maar as reunperde aanvaarbaar is, mag na kastrasie deur die naaste keurder gebrand word indien die identiteit en ouerskap van die betrokke REUN geverifieer kan word (mikroskyfie).

5.5 Gedragskode Tydens Keuring

Lede word versoek om hulle volle samewerking aan die Keurders te verleen om die proses so glad as moontlik te laat verloop.

5.5.1 Eienaars, vertoners en toeskouers moet hulle beleefd en beskaafd te gedra.

5.5.2 Fisieke geweld, lasterlike en/of beledigende taal, sowel as onwelvoeglike tekens en gebare is onaanvaarbaar.

5.5.3 Eienaars, vertoners en gevolmagtigdes moet selfbeheersing en respek toepas, asook hoflikheid en verdraagsaamheid teenoormekaar, die beoordelaars en/of keurdersbetoon.

5.5.4 Onbetaamlike reaksie op beslissings van beoordelaars en keurders is onaanvaarbaar. Indien daar ongelukkigheid is oor 'n uitslag, kan die appèlprosedures gevolg word.

5.5.5 Hardhandigheid/wreedheid teenoor perde sal nie geduld word nie. Ernstige gevalle sal by DBV/SAPD aangemeld word.

6. TERUGVOER NA KEURING

Wanneer die keuring afgehandel is sal die keurders enige vrae en besprekings aangaande die perd met graagte beantwoord. Met positiwiteit, is elke keuring 'n opleidingsgeleentheid.

6.1 Puntekaarte

Inspeksiepuntekaarte is na keuring beskikbaar vir besigtiging deur die eienaar, maar punte is nie oop vir bespreking nie.

6.2 Registrasiesertifikate

Diere wat tydens keuring geslaag het sal so gou as moontlik ’n registrasie sertifikaat van SA Stamboek van die kantoor ontvang. Dit is ook elektronies op www.logix.org.za beskikbaar.

6.3 Oorstaan van perde wat nie gekeur is nie

Geen perde word afgekeur nie, maar kan oorstaan vir verdere keuringsaansoeke per perd in die daaropvolgende jaar. Perde kan om verskeie redes oorstaan wat onvolwassenheid insluit. Telers/eienaars mag elke jaar aansoek doen vir herkeuring van ’n perd wat oorstaan. ’n Spesifieke dier mag egter slegs EEN keer per jaar voor keuring gebring word. Ekstra heffings is van toepassing op perde wat herhaaldelik voor keuring gebring word.

6.4 Keuring van die nageslag van ’n ongekeurde perd

Geen nageslag van ’n hings of merrie wat oorgestaan het, mag aangeteken word nie. Indien sodanige perd wel later keuring slaag, kan sy/haar nageslag terugwerkend aansoek doen vir keuring. Die normale terme en voorwaardes is van toepassing.

7. KEURDERS

7.1 Keurders as Ampsdraers

Keurders word deur die Raad aangestel soos benodig. Keurders moet lede van die Genootskap wees.

7.1.1 Keurders word aangestel uit die paneel van SA Boerperd Beoordelaars.

7.1.2 Keurders is ampsdraers van die Genootskap en hul beslissings moet as sodanig deur die lede aanvaar word.

7.1.3 Alle keurders is verplig om die jaarlikse opknappingskursus tydens die keurdersvergadering by te woon om in die spesifieke jaar as keurders te kan optree.

7.1.4 Keurders sal die keuringstelsel toepas soos uiteengesit aan die hand van die rasstandaard.

7.1.5 Die Raad sal van tyd tot tyd die paneel van keurders in heroorweging neem, en daaruit sodanige name verwyder, vervang en byvoeg, soos wat nodig geag mag word.

7.1.6 Keurders moet altyd poog om onderling tot ’n ooreenkoms te kom, alvorens uitspraak oor ’n dier gegee word.

7.1.7 Alle inligting en kennis waaroor ’n keurder beskik met betrekking tot perde in die Genootskap, word as vertroulik hanteer.

7.1.8 Keurders moet op hoogte wees van die familietrekke, asook goeie en swak eienskappe van die onderskeie bloedlyne.

7.1.9 Keurders moet op hoogte wees van die administratiewe deel van die keuring.

7.1.10 Keurders sal elke dier wat vir registrasie in aanmerking kom:

a) besigtig nadat die administratiewe aspekte soos uiteengesit, as korrek bevestig is;
b) Hom-/haarself vergewis het dat die kleur, identifikasie, ouderdom, ens. van die dier reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie aangebied word;
c) inspekteer om te bevestig dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan die minimum persentasie-vereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

7.1.11 Keurders mag, in opdrag van die Raad, van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing ’n algemene inspeksie van enige stoet doen.

7.1.12 Geen teler mag optree as keurder van sy eie diere nie.

7.2 Kwalifikasies van Keurders

Om te kan kwalifiseer om as SA Boerperd keurder op te tree, moet keurders die proses soos hieronder uiteengesit, slaag en voltooi.

7.2.1 Teoretiese eksamen slaag.

7.2.2 Praktiese ondervinding met verslae van Senior keurders opdoen:

a) Minstens 3 merrie- en reun keuringstoere;

b) Minstens 3 hingskeurings (uit KwaZulu-Natal-, Mpumalanga-, Vrystaat-, Gauteng-, Wes-Kaap streke) moet bygewoon word.

7.2.3 Praktiese eksamen aflê;

Die kandidaatkeurder se uitslae word hier op ’n praktiese wyse met die keuringsresultate van Senior keurders vergelyk om sy/haar kennis en vaardighede te evalueer.

7.2.4 ’n Mondelinge evaluering aflê.

Algemene kennis oor die SA Boerperd, asook menseverhoudinge sal in ag geneem word.

7.2.5 Ervare beoordelaars kom in aanmerking om as Keurders aangestel te word.

Alle aanstellings en bevorderings moet deur die Raad goedgekeur word.
Keurders sal slegs aangestel word volgens die diskresie en van die Raad en behoefte in die Genootskap.